
TEMMERS VAN DIE WOESTYN
No. 31
Vlam van Hardstog
braam le roux

**Elke spier in Wynand se liggaam is nou gespanne. Sy regterhand is op die kolf van sy rewolwer. Hy dink 'n oomblik dat dit seker Lukas Plettenberg is. Miskien het die man skaam geword oor sy gedrag, maar miskien het daar iets gebeur wat hy kom vertel. Telkens wanneer die lig uit die hemelruim flits aarde toe, is die spelende kop van die perd duidelik sigbaar, maar as die donker weer intree, is dit gitswart. Dan is dit of 'n mens die nag met 'n mes kan sny; dan hoor hy net die geplas van die hoewe in die modder.**

Stofomslag: Chris du Plooy.



INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. Eerste Vyand .......... 3
2. Die Vreemdeling .......... 12
3. Die Stryd Begin .......... 21
4. Die Liefde is Blind .......... 30
5. Ontmoeting by die Poort .......... 39
6. Kaalvoet oor die Klippe .......... 48
7. Lyk in die Straat .......... 58
8. Agter die Masker .......... 67
9. Vlam van Hoop .......... 76
10. 'n Woeste Nag .......... 85



## EERSTE VYAND

Die strale van die skraal middagsonnetjie vang hom aan die kant van sy gesig. Dit gee sy gelaat nog 'n somberder voorkoms. Oom Theo Merwe kan aan die hele houding en die uitdrukking op die gelaat van sy jonger vriend sien dat hy aan iets onaangenaam dink. Daar moet iets wees wat hom hinder. Oom Theo het al opgelet dat sy grys oë soms strak op die twee daar in die tuin gerig is. Hy wonder of die twee jongmense daar by die tuinhekkie nie dalk die bron van Tienus du Plooy se gedagtes is nie.

Ruim 'n halfuur lank sit hy en Tienus nou al hier op die stoep sonder om 'n woord te praat. Eers het die bediende vir hulle koffie gebring, maar hulle het dit in stilte gedrink en Tienus se oë het op die twee in die tuin gebly. Voortdurend was daar 'n frons op sy voorkop en die uitdrukking in daardie grys oë van hom was vir oom Theo nie reg nie.

Luid klink die lag van Salomi vir die soveelste keer daar in die tuin op. Oom Theo sien hoe dat Tienus vinnig opkyk. Die atletiese gestalte van Wynand Cordell is besig om die meisie spelerig agterna te sit. Salomi het so pas vinnig gebuk en van die water in die dammetjie in Wynand se gesig gesprinkel. Nou hardloop Wynand kastig kwaad agter haar aan om haar te karnuffel. Hy druk haar in die hoek van die heining vas en maak haar swart hare deurmekaar terwyl hy lag. Haar stem klink soos die sagte gemurmel van water en dit trek ver deur die namiddagstilte. Oom Theo weet dat sy dogter, Salomi, gelukkig is. Daardie fluweelsagte gelag verraai dit. Oom Theo weet dat sy doodverlief is. Hy ken sy dogter. As Wynand hier is, is sy maar altyd by hom. Dit is sy wat hom steeds hierheen uitnooi. Hy eet selde meer in die hotel daar oorkant die stofstraatjie. As hy praat, hang Salomi aan sy lippe. Wanneer die slank, lenige Wynand Cordell hier aankom, praat hy net 'n paar woorde met Tienus en oom Theo en dan soek hy Salomi se geselskap op. Miskien is hierdie ding nie reg nie, miskien is dit dit wat Tienus skielik so stil stem. Oom Theo weet dat Tienus en Salomi baie van mekaar gehou het. Hy het hulle dikwels in mekaar se geselskap aangetref en dit was asof hy dit so wou hê, want oom Theo het 'n groot verering vir hierdie stewige gestalte van Tienus met die verlangende grys oë. Maar vandat Wynand Cordell 'n

maand gelede hier op Vuurklip aangekom het, het oom Theo vir Tienus en Salomi al hoe minder in mekaar se geselskap gesien.

Daar kriewel iets in oom Theo se binneste en hy weet dat daar ook iets in Tienus kriewel. Miskien is dit iets meer as 'n krieweling, miskien jaloesie of selfs pyniging.

Wynand Cordell het Salomi nou in sy sterk arms opgetel. Hy dra haar terug na die dammetjie toe, maak eers of hy haar daarin gaan gooi, maar sit haar dan sagkens op die grond neer, buig haar om en soen haar vol op die mond. Salomi hou dadelik op met lag. Dit is duidelik dat daardie soen vir haar 'n heerlike openbaring is. Toe Wynand haar los, staan sy terug en kyk hom met bewondering in haar oë aan en dan plooi daar 'n glimlaggie om haar mond en sy sê sag:

,,Jou gruwel!''

Tienus staan skielik op. Hy skuif sy stoel haastig agteruit en stap die huis binne. Oom Theo hoor sy vinnige voetstappe in die gang af en hy hoor ook hoe dat Tienus by die agterdeur uitgaan. Oom Theo Merwe staan ook op. Hy rek hom uit. Nee, hy hou nie van hierdie verhouding nie. Dit word elke dag erger. Hy het niks teen Wynand nie; hy is aangename geselskap, frisgebou, aantreklik, en bo alles, hardwerkend, maar dit is asof Theo meen dat dit nie die man vir sy dogter is nie.

,,Julle twee moet nie so stuitig wees nie, Salomi!'' maan die kortgeboude oom Theo skielik.

Salomi skrik effens en deins terug. Die twee was totaal onbewus van Tienus en oom Theo se teenwoordigheid daar op die stoep. Sy kyk na Tienus se leë stoel en dan wink sy vir Wynand nader. Hy kom dadelik en sy fluister in sy oor:

,,Dit lyk of party mense nie daarvan hou dat ons speel nie. Kom ons gaan roskam liewer my perd, die mooiste dier in die hele Noordweste. . .''

Hy neem een van haar hande in syne en val haar in die rede:

,,En wat sê jy van die man wat daardie appelblouskimmel aan jou gegee het?''

Dit klink vir Salomi of hy skielik ernstig is. Sy bruin oë is passievol op haar gerig. En sy mondhoeke bewe effens.

,,Die man wat Ridder aan my gegee het? O, ek. . . ek hou van hom. Nee, meer nog. . . ek dink hy is wonderlik.''

Sy mondhoeke vertrek in 'n glimlag.

,,O,'' laat hy hoor. ,,Ek het net gedink dalk het jy hom lief ook.''





,,Miskien dit ook,'' lag sy terug en trek hom aan sy hand om die huis.

Oom Theo weet nou dat Tienus nie lekker voel oor hierdie verhouding nie. Tienus bly al ses maande by hulle. Toe hy hier aangekom het, was Vuurklip in 'n toestand van chaos. Louis Schutte het die mense gebreek, nie gestuit om te moor nie. En eendag het Tienus met die poskoets hier aangekom en hy het die dorpie begin opruim. Hy het die tiranniese mag van Louis Schutte gebreek. Toe het Salomi van hom gehou en baie dae en baie maande lank was dit hy en Salomi. Maar hulle was soos maats; oom Theo het altyd geglo dat hulle mekaar liefhet, dat dit nog na ernstiger dinge sal lei. Tienus is wel reeds 29 jaar en Salomi maar pas 18, maar dit was vir hom 'n uitgemaakte saak dat die twee vir mekaar bedoel is. Miskien het Tienus dit ook so aangeneem, maar toe kom Wynand Cordell, koetsdrywer en eienaar van die Verre Weste-koetsdiens, en toe het die dinge verander. Elke tweede dag het hy met sy koets na Disselboom, vyftig kilometer van Vuurklip af, vertrek en twee dae later was hy dan weer terug. Van Disselboom af is daar nog 'n koets, sy koets, wat na Platmuts ry en van Platmuts vat 'n ander koetsdiens oor.

Wynand is veel jonger as Tienus, seker maklik vier jaar jonger. Daar behoort niks te wees wat in die weg staan van Wynand en Salomi nie. Oom Theo weet dat hy geen grondige beswaar het nie. Wynand het geld, hy is gesond, hy is aantreklik, hy is sterk, hy het 'n reputasie as geweer- en rewolwerskut en hy het hom nooit sleg gedra nie. Maar dit is net dat oom Theo nie daarvan hou dat Tienus seergemaak moet word nie. Tienus is vir hom soos 'n seun. Hy het as redding vir Vuurklip gekom. Dit is net dat hy Tienus as skoonseun verkies. Maar aan liefde is daar geen keer nie, besluit hy filosofies, draai ook om en gaan na binne.

Hy weet egter gou dat Tienus nie in die huis is nie. Hy kan die luide gelag van Wynand en Salomi by die stal hoor. Hulle is natuurlik nou besig om Ridder vir die soveelste keer te bewonder. 'n Man moet baie van 'n meisie dink as hy haar 'n perd present gee. Oom Theo gaan staan in die deur. Hy dink dat Salomi se geluk seker oorloop, want die twee is vir geen enkele oomblik stil nie. Dit babbel en dit lag. Die vreugde is te groot om binne te hou.

Dan sien oom Theo vir Tienus daar by die eendedammetjie. Hy sit plat op die wal en is besig om stukkies hout op die water te gooi. Oom Theo ken Tienus al baie goed. Hy het die man nog nooit so

sien handel nie. Oom Theo loop stadig nader en gaan staan agter Tienus. Dan buk hy en vat Tienus aan die skouers.

,,Waaroor droom jy, ou seun?'' vra hy sag.

Tienus draai om en hy probeer glimlag.

,,Ek droom nie, oom Theo. Ek dink. Ek het vergeet om Oom te sê dat ons eerste vrag gouderts môre gelaai kan word. Die pad tussen Vuurklip en Platmuts is byna voltooi. Die brug is klaar. Hulle moet nog net die laaste paar kilometers na Vuurklip in orde bring, maar die poskoets hoef nie môre Disselboom om te gaan nie. Dit kan sommer reguit na Platmuts ry.''

Oom Theo weet dat hierdie gepraat van Tienus net is om sy werklike gedagte te verberg, om oom Theo om die bos te probeer lei, voor te gee dat hy nog die hele tyd aan die nuwe pad tussen Vuurklip en Platmuts dink en aan die gouderts.

Oom Theo kom langs Tienus sit. Saam kyk hulle na die rimpelings op die water.

,,Dit is wonderlik, Tienus, wonderlik. Jy het darem wondere verrig vandat jy ses maande gelede hier gekom het, ou seun. Ek het nooit geweet dat ons ooit weer daardie myn in die berge sal kan bewerk nie. Ek het nie geglo dat daar ooit weer masjiene sal dreun nie, maar nou dreun daar nie net masjiene nie, maar byna dertig swartes werk voltyds daar en ek en Salomi het elkeen 'n aandeel in die myn. Ek wonder of jy weet hoe dankbaar ek is dat jy hier uitgeslaan het, Tienus?'' probeer die ouer man Tienus weglei van die onaangename dinge waaroor hy dink.

Tienus sit stil voor hom en uitstaar, asof hy nie hoor wat oom Theo gesê het nie.

,,Verbeel jou, môre verkoop ons ons eerste gouderts aan Kimberley. Wonderlik! Die mense van Disselboom was altyd daarteen gekant dat ons 'n pad direk na Platmuts moet bou. Hulle het dit altyd met hand en tand beveg, want hulle het geweet dat as dit moet bewaarheid word, Disselboom verder agteruit sal gaan, dat daar dalk later geen nodigheid vir 'n poskoets sal wees om by Disselboom om te gaan nie. Disselboom het alleen bly staan omdat daar 'n woelige Vuurklip is. Vuurklip het dit nodig gemaak dat daar 'n poskoetsroete van Platmuts na Disselboom ingerig moes word en van Platmuts af is die pad na Vuurklip verleng. Nooit as te nimmer kon ons 'n pad direk van Platmuts na Vuurklip kry nie, want die Palingrivier en die hoë Langeberge is in die pad. Maar nou het jy, Tienus, die rivier oorbrug en jy het die poort deur die





Langeberge moontlik gemaak.''

Tienus het reeds vir Wynand en Salomi vergeet. Hy hoor hulle ook nie nou meer lag nie. Hy kyk nou snaaks na oom Theo en hy glimlag. Hy wonder of die ou man vermoed dat dit seer hier binne-in hom is. Hy moet seker weet, daarom probeer hy Tienus se gedagtes doodpraat, daarom haal hy nou weer al die goeie hoedanighede van Tienus op. Dit gee Tienus 'n heerlike gevoel. Dit stem hom ineens aangenaam teenoor oom Theo, teenoor die wêreld.

,,Oom, hoe lyk dit of oom Theo hier by my vir iets flikflooi. . .?''

Oom Theo lag byna selfbewus.

,,Nee. . . nee, Tienus, ou seun. Ek vertel maar net die waarheid. Dit is jy wat dit reggekry het dat hulle die pad begin aanlê het, en die brug en die poort deur die berge. Jy het Disselboom oorwin.''

,,Oom-hulle het mos saamgeveg, en die Kimberleyse maatskappy wat die pad help bou het. Ek het dit mos nie alles alleen reggekry nie, oom Theo. Wat van Oom, Oom het ook baie te doen met hierdie suksesse.''

,,Ja, maar jy was darem die kop.''

,,Toe maar, Oom—Oom is vandag weer glad te beskeie. Maar moenie so seker wees dat ons nie nog baie moeilikhede van Disselboom gaan ondervind nie. Hulle hou nie van hierdie reguit pad tussen Platmuts en Vuurklip nie, want hulle word nou uitgesny.''

Oom Theo kyk na die stal en hy sien vir Wynand en Salomi hand-om-die-lyf aanstap huis toe. Hy kyk dadelik weer weg, want hy wil nie graag hê dat Tienus hulle so moet sien nie.

,,Dit is soos jy daar sê. . . ons kan nog moeilikheid verwag. Dit is nie die laaste woord wat ons oor die reguit pad na Platmuts gaan hoor nie.''

Dit lyk of oom Theo daarin geslaag het om Tienus se gedagtes van die twee jongmense af te lei, want Tienus du Plooy antwoord weer dadelik:

,,Daar wag nog baie moeilikheid op ons, oom Theo. Ou Louis Schutte het destyds 'n soort kontrak met die Duitsers gesluit om die ruwe gouderts op Nakop, in Duits-Suidwes-Afrika te lewer. En ek verwag dat daardie manne van hulle sal laat hoor sodra dit bekend word dat ons aan Kimberley gaan lewer.''

Oom Theo het nou ook van Salomi en Wynand vergeet. Hulle het ook reeds in die huis verdwyn. Oom Theo is nou die ene aandag. Hy het nie daaraan gedink dat hulle moeilikheid van die

Duitsers kan verwag nie.

,,Dink jy so, Tienus. . . dink jy daar sal moeilikheid kom?''

,,Gewis en seker, maar ek sal my nie laat afskrik nie. Ons delf op Koloniale grond en al staan dit ons vry om te lewer waar ons wil, is dit ons plig om die gouderts oor te dra aan 'n Koloniale maatskappy. Buitendien, handel met Kimberley beteken 'n uitbreiding van die beskawing, dit beteken dat daar nuwe ontwikkeling gaan kom vir dorpe soos Platmuts, Vuurklip en selfs Disselboom hier op die verre uithoek van die Noordweste; dit beteken nouer bande wat aangehaal word met die res van die Kolonie. Ons behoort nie aan Duits-Suidwes nie. Ons is Kolonialers. Daarom sal ek my nie laat oorhaal om aan Duitswes te lewer nie.''

,,Natuurlik. . . natuurlik. Ek steun jou honderd persent, Tienus. Enige mense met gesonde verstand en 'n bietjie vaderlandsliefde, sal soos jy praat.''

Tienus lag.

,,Ek sê Oom mos dat ek nie sonder Oom hierdie standpunt sal kan inneem nie. As daar meer mense soos Oom was, was hierdie Platmuts-Vuurklip-pad al lankal aangelê en het hierdie myne al lankal gouderts aan Kimberley gelewer.''

Daar heers 'n paar oomblikke stilte. Tienus staan op en kyk na die ondergaande son. Sy blik rus op die kampie waar die grafstene stil tussen die gras verrys. Hy dink aan Giep Jooste en die ander Vuurklippers wat daar begrawe lê. En dan sug hy.

,,Oom sien, hierdie stryd om vooruitgang, om nouer verbinding met die buitewêreld, met ons mense in Kimberley, Kuruman, die res van die Kolonie, die Republieke, het reeds by oom Giep begin, oom Giep en sy seun wat daar in die kerkhof lê.

Oom Theo voel skielik dat Tienus die waarheid praat.

,,Jy het reg, ou seun,'' en die ouer man staan steunend op. ,,Jy het doodreg gepraat. Giep het die myntjie begin en omdat Louis Schutte dit hom nie gegun het om sy gouderts aan Kimberley te verkoop nie, is hy doodgeskiet, vermoor—hy en sy seun. Toe het die stryd al begin, maar ons sou hom verloor het as jy nie hierheen gekom het nie.''

,,Die stryd is nog lank nie klaar nie, oom Theo. Ons kan meer teenstand verwag.''

Die son trek sy kop agter die rante weg.

Tienus du Plooy stap stadig huis toe. Oom Theo bly hier langs hom. Hy weet dat oom Theo hom fyn dophou. Ook Tienus is lenig





gebou, maar hy is veel korter as Wynand. Wynand is donker, lenig en rats, maar Tienus is stewiger van postuur, maar ewe rats en atleties gebou. Daardie rooi hare van hom is altyd korterig op sy kop gesny en sy grys oë kan soms wakker flikker. Oom Theo sê altyd dat dit net jammer is dat Tienus se linkerhand af is. Hy het dit in die Republikeinse oorlog teen die Basoeto's verloor. As oom Theo so na Tienus kyk, kan hy sy dogter nie kwalik neem dat sy meer van Wynand hou nie, want Wynand is aantrekliker. Sy gestalte boesem vrees in. Maar oom Theo weet dat Tienus groter is, groter wat karakter betref, 'n groter mens, met groter ondervinding. Hy het nog nie 'n man teëgekom met die durf en deursettingsvermoë van Tienus nie. Daar is iets bestendig in Tienus, wat hy nie by ander jongmans teëkom nie; daar is iets kragtig in sy persoonlikheid en dit is wat by oom Theo tel. Net jammer dit tel nie by 'n mooi meisie, met haar swart lokke en blou oë, soos sy dogter nie.

Oom Theo stoot die agterdeur oop en gaan na binne, gevolg deur Tienus. Hy sien die twee figure daar by die venster die eerste, twee liggame wat teen mekaar aangedruk staan. Salomi staan haastig opsy toe hulle inkom. Dit is effens donker in die kombuis en oom Theo sou hulle nie gesien het as hulle nie teen die venster gestaan het nie.

,,Hoekom steek julle nie die kerse op nie, Salomi? Wat se gestanery is dit hierdie in die donker? Steek op die kerse—my wêreld!''

Salomi werskaf reeds in die koskas en binne enkele oomblikke het sy twee kerse opgesteek en op die tafel neergesit. Sy gaan staan dan weer voor die venster, vlak langs Wynand, met haar hande onder haar voorskoot ingedruk. Tienus lig die lamp van die haak teen die plafon af en begin dit opsteek. Sy hart klop taamlik hewig. In die flikkering van die kerslig kan hy die blos op Salomi se wange sien. Hy weet wat dit beteken, en hy voel jaloers, hy voel die pyn diep uit die binneste van sy wese opwel, maar onmiddellik besef hy weer dat hy geen reg het om so te voel nie. Salomi is al groot genoeg om haar eie keuse te maak. Wat durf hy sê as sy meer van Wynand hou as van hom? Sy kan doen wat sy wil. Hy veg teen daardie gevoel van jaloesie en hy weet dat hy dit te bowe sal kom. Dit is benede sy waardigheid as man om seergemaak te word. Maar miskien het hy dinge verwag en drome gedroom wat nou ewe skielik in duie stort.

Toe hy die lamp klaar opgesteek het, hang hy dit weer aan die haak teen die plafon op. Dan gaan sit hy op 'n stoel voor die vuur. Oom Theo sak langs hom op 'n stoel neer.

Oomblikke lank is daar stilte, 'n doodse stilte. Die atmosfeer voel ineens swaar. Dit is vir Tienus of die twee verliefdes dwarsdeur hom kan sien, of hulle die teleurstelling, die tikkie jaloesie, wat diep pynig, in sy hele houding kan lees.

Oom Theo verbreek die stilte die eerste.

,,Jy het nog nie gedek nie, Salomi. Toe, my dogter. Ek dink Tienus is ook al honger. Kos maak, my ou hartjie.''

Tienus kyk nie op nie, maar oom Theo sien hoe dat Wynand aan die meisie stamp. Salomi bloos.

,,Pa. . . Pa-hulle kan maar gerus vanaand self sorg vir kos. . . Ek . . . ek gaan saam met Wynand in die hotel eet.''

Tienus kyk vinnig op. Salomi staan teenaan Wynand, asof sy verwag dat hy haar gaan beskerm. Wynand maak keel skoon, staan weg van die venster af en praat dan op sy gemaklike manier:

,,Oom gee seker nie om nie? Ons eet net, dan bring ek haar terug.''

Weer stilte. Tienus hou Wynand nou stip dop. Die man glimlag.

,,Wat se geëtery is dit in 'n hotel? Hier is mos genoeg kos,'' bars oom Theo los.

Wynand druk sy lippe styf teenmekaar.

,,Laat hulle gaan eet, my magtie, oom Theo. Ek sal vir ons kos maak. Gee Salomi 'n kans om te proe hoe smaak die kos wat sy nie kan kook nie,'' verras Tienus hulle.

Oom Theo kyk die drie beurtelings aan.

,,Julle kan gaan, maar dan moet Salomi net gou tafel dek en kos maak.''

Wynand se growwe stem tril deur die kombuis:

,,Waaroor. . . waaroor moet sy dit doen? Waarom moet sy altyd vir Tienus regstaan. . . Hy het gesê dat hy self gaan kos maak; laat hy dit doen!''

Tienus is verbaas oor die skielike vyandigheid. Wynand was gister en eergister nog gaaf teenoor hom. Hy was wel altyd uit die hoogte, maar hy was darem ordentlik en vriendelik. Tienus glimlag selfbewus. Oom Theo se oë skiet vuur.

Tienus kan dadelik sien dat oom Theo nie hierdie uitbarsting gaan duld nie, daarom tree hy vinnig tussenbei:

,,Oom Theo, Wynand het reg. Daar bestaan geen rede waarom





Salomi nou juis moet kos maak en tafel dek nie. Ek weet hoe om dit te doen. Verlos haar vanaand van haar gewone pligte.''

Wynand kyk Tienus stip aan wat nou by die tafel staan en die kerse begin wegvat.

,,Dit is juis die punt, Tienus. . . Salomi is geen pligte aan jou verskuldig nie!''

Tienus staan regop. Hy druk sy gewonde hand in sy sy en kyk Wynand onverskrokke aan. Sy neusvleuels bewe.

,,Moenie kinderagtig wees nie, Wynand. . . natuurlik het Salomi geen plig teenoor my nie. . . ek vind dit verspot. Wat my betref, kan julle nou gaan. Ek en oom Theo het baie dinge om te bespreek!''

Dit is of Wynand getroef is. Tienus hou egter nie van die uitdrukking in daardie oë nie. Wynand is vanaand vyandig. Hy lyk soos iemand wat kan moor vanweë jaloesie. Dit amuseer Tienus effens, want voordat 'n mens jaloers kan wees, moet daar gronde wees waarop die voorwerp van jou jaloesie met jou kompeteer. Hy weet mos Salomi verkies sy geselskap. Wat wil hy meer hê? Tienus besluit dat hy 'n grap van die hele affêre gaan maak.

,,Geniet dit maar, maar moet net nie te laat op bly nie, Salomi en Wynand. Môre douvoordag moet jou koets die gouderts by die bank laai. Die koets moet sesuur vertrek. Jy kies natuurlik kortpad—regdeur na Platmuts. . .''

Wynand het vinnig na vore getree. Hy kyk Tienus vas in die gesig en dan kom sy woorde bitsig:

,,Ek het besluit, Tienus, dat my koets nie meer jou gouderts gaan laai nie. Tweedens, dat ek weier om die nuwe pad te vat, derdens dat ek nie sal duld dat jy my rond beveel nie!''

Oom Theo het orent gekom. Voordat Tienus kan praat, sê-vra hy:

,,Ek dag dat dit 'n uitgemaakte saak is dat jy die gouderts gaan vervoer. Dit beteken 'n groter inkomste vir jou. Jy het ons 'n week gelede belowe, Wynand. Wie het jou omgepraat?'